

3 Februarie

Skrifgedeelte: Matteus 28:16-20
Fokusgedeelte: Matteus 28:18-20 (OAV)

Die groot opdrag (1)

Vooraf sê Hy: "Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde." Dit is belangrik om te besef dat die mag (Koninklike mag, regeermag, mag en gesag) aan Christus gegee is. Die Here mag dus nie net vir ons iets sê nie, maar Hy kan vir ons iets sê sodat dit gebeur. Daarom, sê die Seun: "Gaan! Maak dissipels! Doop hulle! Leer hulle!" Vier opdragte wat saam as die groot sendingopdrag bekendstaan.

Die kerk moet na die buitekerlike toe uitgaan. Jy moet uit jou huis en gemaksone gaan. Elkeen wat die opdrag gehoorsaam, voel ook gou die ongemak, want daarbuite vind ons mense wat seergekry het, wat vasgevang sit in die sonde, wat gebrek ly en swaarkry. Ons vind ook mense met ander gewoontes, kulture en tale. Ja, ons moet na alle volke, nasies en tale toe gaan. Hulle sal nie na jou toe kom nie.

Gaan die wêreld in en maak dissipels. 'n Dissipel is 'n volgeling van die Here, iemand wat agter Hom aanloop, wat die Here se bevele aanvaar en uitvoer, wat die Here se beloftes ken, daaraan vashou, daarin lewe en daarop hoop. Iemand wat die Here se eer soek.

Om dissipels te maak, impliseer dat jy heel eerste self ook 'n navolger, 'n dissipel sal wees. Daarom moet jy elke dag alles in die stryd werp om 'n voorbeeld van 'n goeie dissipel te wees. Jy mag niks doen of sê wat die eer van die Here skaad of wat die kinders in die geloof verhinder nie. Paulus sê: "Wees my navolgers soos wat ek dit ook van Christus is" (1 Kor. 11:1). Hulle moet kan hoor en sien wat Christus in jou lewe gedoen het.

Jou doel is om hulle in die liggaam van Christus, sy kerk, in te lyf. Leer en begelei hulle op die pad na geestelike volwassenheid. Elkeen wat mense op dié pad lei, sal vir altyd soos sterre skitter (Dan. 12:3). Moenie huiwer in die uitvoering van die opdrag nie, want God is met jou al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.

Sing: Psalm 66:1, 2 (1936)

Ds. SA Cilliers (Waterberg)